

5 Desember

Skrifgedeelte: Maleagi 3:1-7 (OAV)

Fokusgedeelte: Maleagi 3:1

Verlossingsvreugde

Die ontevredenes vermoei die HERE met hulle verwyf dat Hy nie reg laat geskied nie. Die profeet kondig aan wat die HERE besluit het om te doen, naamlik: "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan." Die beeld van die bode wat die pad eers gelyk moet maak voordat die koning kom.

Die Here, na Wie hulle soek, sal skielik na sy tempel kom, naamlik die Engel van die verbond na wie hulle 'n begeerte het. Die verbond met sy seën en vloek, want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers.

"Kyk Hy kom!" kondig Maleagi aan. Johannes die Doper is die wegbereider van die Messias wat sou kom volgens Matteus 11:10.

Markus begin sy Evangelie met Skrifgegewens van Maleagi en dié van Jesaja (40:3). Hier het ons dan Jesaja, Maleagi, Johannes die Doper, almal boodskappers wat die koms van die Koning moes aankondig. Die tweede koms van die Koning is aanstaande, daarom gaan die verkondiging steeds voort.

Wat 'n heerlike, dog moeilike opdrag, want benewens die vreugde van verlossing moet die gerig ook aan die ongehoorsames voorgehou word, want die Koning se koms is "skielik", so is dit aangekondig. God bly getrou ondanks sy volk se ontrou.

Elke ware Woordbediening en getroue prediking, louter en skrif, want die Woord van God is lewend en kragtig. So word elkeen van ons ook tot selfondersoek geroep.

Sing: Skrifberyming 2:1, 3, 4 (4-2)

Ds J Kits (Emeritus)